

Vrydag 19 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 99:1-9

Fokusgedeelte: Psalm 99:9
(Direkte Vertaling)

Die heiligheid van God roep ons tot heiligheid

Dié Psalm vestig ons aandag op die heiligheid van God; in verse 3, 5 en 9 word dit herhaal: “Heilig is Hy/die HERE.” Om die heiligheid van God te probeer verstaan, dink ons menslik gesproke aan wat die woord *heilig* in die eerste plek beteken. Ons gedagtes gaan na begrippe soos: afgesonder, suiwer, vlekkeloos, sondeloos.

Alhoewel hierdie woorde ons denke op die regte spoor plaas, hoor ons hoe die Psalm sê God wat heilig is, regeer, Hy troon oor gerubs en volke bewe voor sy heiligheid, die wêreld sidder voor sy heiligheid. Want die heiligheid van God staan in direkte kontras met die sondige wêreld, die wêreld wat allermens heilig is. Hierdie wêreld het niks te bied wat heilig is nie, intendeel, die wêreld is tot heiligheid wat duisternis is tot lig.

Daarom lees ons in vers 4 dat dit die heilige God van Jakob is wat “billikheid, reg en geregtigheid” deur sy teenwoordigheid kom vestig het. Alleen vanuit die genade van God kan die mens hoor en streef: wees heilig, want Ek is heilig. Alleen deur die genade van God kan ons vanuit hierdie gebroke wêreld afgesonder word om vanuit die heiligheid van God ook in hierdie wêreld heilig te wees.

God se teenwoordigheid in Israel, deur die afsondering en diens van sy priesters en profete (vs 6), is die vooruitskouing van die heiligheid wat Hy onder sy kinders wil vestig. Dit is alleen in ons Verlosser en Here Jesus Christus dat gelowiges die heiligheid van God enigsins kan besef, deur geloof vanuit die werking van sy Gees dat ons vanuit sy Woord in waarheid kan leef en sy heiligheid kan opsoek en verstaan. Dan kan ons in heilige aanbidding voor sy heiligheid buig en Hom verheerlik.

Sing: Psalm 99-1:1-5

Ds. AJ Dednam (Anton) (Bergsig)